BRAINOMETRY
LIESL BEKKER

# PSIGO-OPVOEDKUNDIGE ASSESSERING - INLIGTINGSBLAD

## Wat is 'n Psigo-Opvoedkundige Assessering?

'n Psigo-Opvoedkundige Assessering word gewoonlik deur die skool aangevra wanneer 'n ondersteuningsplan vir 'n leerder ontwikkel moet word. Soms ondervind leerders hindernisse wat veroorsaak dat hul skolasties nie hul volle potensiaal kan bereik nie. Van hierdie hindernisse kan disleksie, aandaggebrektekort of ander fisiese of emosionele versperrings wees. Dit is soms ook nodig om vas te stel op watter skolastiese vlak 'n leerder funksioneer indien daar tussen lande verhuis is of tussen onderrigtale geskuif word of indien 'n leerder vanaf 'n tuisskoolomgewing wil terugskuif na 'n formele hoofstroomskool, sodat die leerder in die gepaste graad geplaas kan word.

## Hoekom word 'n Psigo-Opvoedkundige Assessering aangevra?

Die Departement van Onderwys bied verskeie ondersteuningstrategieë wanneer 'n leerder skolastiese hindernisse ervaar. Van die strategieë waarvoor aansoek gedoen kan word, is eksamenakkommodasies soos ekstra tyd of 'n leser of skrywer. Die psigo-opvoedkundige assessering dui aan watter tipe versperring 'n leerder moontlik mag hê en gee 'n aanduiding van die tipe akkommodasies waarvoor daar aansoek gedoen moet word.

## Hoe werk die Psigo-Opvoedkundige Assessering?

'n Aansoek vir eksamenakkommodies soos ekstra tyd, 'n leser, 'n skrywer of vrystelling van Afrikaans en/of Wiskunde moet voor die leerder se graad 12-jaar by die Departement van Onderwys ingedien word tesame met 'n Psigo-Opvoedkundige verslag. Hierdie verslag mag nie ouer as 2 jaar wees nie.

Die verslag dien as bewys dat die leerder versperrings ervaar wat sy prestasie belemmer sodat daar betyds 'n ondersteuningsplan in werking gestel kan word. Die verslag toon die leerder se prestasie en psigiese funksionering in verskeie voorgeskrewe toetse. Die assessering behels 'n kognitiewe (verstandelike), skolastiese en emosionele evaluering sodat vasgestel kan word watter hindernisse 'n leerder ervaar wat veroorsaak dat hy/sy nie presteer soos verwag nie.

## Hoe lank neem die assessering?

Die tipe assessering neem 5-6 ure en word in 'n oggend of oor twee middae gedoen.

Daar word IK-toetse, aanlegtoetse, neurologiese toetse, basiese sig- en gehoortoetse en verskeie lees, spel-, skryf en syferkundige toetse gedoen. Daar word tellings vir al die toetse gekry wat dan vergelyk word met die norm-tellings vir die leerder se ouderdomsgroep sodat sy/haar prestasie gemeet kan word teen die verwagte prestasie vir sy/haar ouderdomsgroep en skooljaar.

## Hoe kry die ouers en skool die resultate?

Na afloop van die assessering word 'n volledige verslag opgestel met al die toetsresultate en aanbevelings vir ondersteuning. Hierdie verslag is 7 dae na die toetsing beskikbaar. Die resultate word met die ouers bespreek tydens 'n uur-lange terugvoersessie.

Nadat die resultate met die ouers bespreek is, word die verslag digitaal aan die skool en ouers gestuur. Die skool stuur die verslag saam met die nodige vorms aan die Departement van Onderwys waar 'n paneel van kundiges dan besluit watter aanbevelings aan die leerder toegestaan kan word.

www.brainology.co.za | 084 406 6012
Registered Educational Psychologist | HPCSA Number: 54070 | Practice Number: 8640661

# PSIGO-OPVOEDKUNDIGE ASSESSERING - INLIGTINGSBLAD

## Hoe werk die prosedure?

Wanneer die skool 'n leerder verwys, word daar vorms aan die ouers gestuur wat ingevul word en terugkom na die sielkundige. Die assessering word geboek en die leerder word by die praktyk afgelaai en weer opgelaai na afloop van die assessering. Die ouers is nie betrokke of teenwoordig tydens die toetsing nie. 'n Week later het die ouers 'n uurlange konsultasie, sonder die leerder, waartydens die resultate en aanbevelings bespreek word.

Die verslag word na afloop van die terugvoeringsgesprek aan die ouers en die skool gestuur. Die skool gebruik die verslag om aansoek te doen vir ondersteuning en om ander profesionele insette te verkry indien nodig.

## Wat is die kostes verbonde aan 'n Psigo-Opvoedkundige verslag?

Sielkundiges werk normaalweg op 'n uurlikse tarief soos voorgeskryf deur die verskillende mediese fondse (R1194.70-R1250 tans, afhangende van die fonds).

In hierdie praktyk word daar gepoog om ouers tegemoet te kom deur 'n oorhoofse bedrag te vra eerder as die uurlikse tarief te hef. Dit is 'n kontantpraktyk wat beteken ouers moet self die assessering voor die toetsing vereffen. Daar word dan 'n kwitansie na die terugvoeringsgesprek uitgereik waarmee ouers self die kostes kan terugeis van hul mediese fonds.

Die kostes vir 'n psigo-opvoedkundige assessering in hierdie praktyk beloop R6000 en sluit die volledige diens in:

- Verwerking en analisering van inligting verkry vanaf die ouers (digitale vorms deur ouers voltooi);
- Verwerking van inligting deur skool verskaf (digitale vorms wat die onderwyser moet voltooi);
- Assessering van die leerder by die praktyk (5-6 ure);
- Volledige verslag met al die resultate in rou- en normpunte;.
- Terugvoering aan die ouers;
- Verslag per epos gestuur aan die skool en die ouers.

Daar word 'n sekerheidswagwoord op die epos gebruik sodat die leerder se persoonlike inligting vertroulik bly. Slegs die persone met die wagwoord kan die verslag oopmaak. Ouers gee toestemming vir die stuur van die verslag en dui aan wie toestemming het om die verslag te mag lees.